higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

# VOLHOUBARE TOERISME IN SA EN INTERNASIONALE REIS

## NKR VLAK 4

(11011064)

**20 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 1 bylae.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 200**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Kies ŉ wêreldklimaatsone uit KOLOM B om by ŉ beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Hierdie klimaat is ŉ baie warm streek met baie reën | A | droë klimaat |
| 1.1.2 | Baie koue weer word vir die grootste deel van die jaar ervaar | B | poolklimaat |
| 1.1.3 | Hierdie klimaat ervaar min of geen reën met woestynplantegroei | C | subtropiese klimaat |
| 1.1.4 | Klimate is warm tot koel in die somer en koud in die winter | D | tropiese klimaat |
| 1.1.5 | ŉ Baie aangename klimaat met baie warm, nat somers en matige winters met donderstorms in die somer | E | matige klimaat |
| | | F | Mediterreense klimaat |

(5 × 1) (5)

1.2 Verduidelik kortliks hoe die klimaatsones die toerismebedryf beïnvloed. (2 × 2) (4)

1.3 Noem TWEE verskille tussen die lengte- en die breedtelyne. (2 × 2) (4)

1.4 1.4.1 Wat is somertyd ('daylight saving time')? (2)

1.4.2 Wat gebeur wanneer ons oor die internasionale datumlyn in ŉ oostelike rigting reis? (2)

1.5 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Die sperdatum van 1 April vir die 1% BTW-styging sal alle sfere van die reisbedryf beïnvloed – van die koste van vliegkaartjies en verblyf tot fooie wat reisagente en toerorganiseerders vra. Plaaslike ondernemings en attraksies sal na verwagting hul pryse en tariewe verhoog, aangesien die BTW-styging hulle sakekoste sal laat styg as gevolg van verhoogde vervoer- en kospryse. Hierdie styging in sakekoste sal waarskynlik na besoekers oorgedra word, sowel internasionaal as plaaslik. Ondernemings soos SANParke het reeds aangekondig dat hulle hul tariewe sal verhoog omdat hulle ŉ geregistreerde BTW-verkoper is, en het reisigers met bevestigde besprekings vir verblyf of vir aktiwiteite vanaf 1 April gewaarsku dat hulle onderhewig kan wees aan 'betaling van die verskil as gevolg van die verhoogde BTW-koers'.

[Bron: *www.traveller24.com/TravelPlanning*]

1.5.1 Watter negatiewe impak kan ’n verhoging in BTW op die toerismebedryf hê? (2)

1.5.2 Noem DRIE goedere wat ’n toeris vir ’n BTW-terugbetalingseis kan indien. (3)

1.5.3 Verduidelik die proses van die indien van ’n eis vir BTW-terugbetaling aan ’n internasionale toeris. (3)

1.5.4 Noem die inligting wat op ’n belastingfaktuur aangetoon moet word wanneer dit vir ’n BTW-terugbetalingseis ingedien word. (5)

1.6 Pas die stellings by die korrekte UNESCO-wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika uit die lys hier onder. Skryf slegs die naam van die UNESCO-wêrelderfenisterrein langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| uKhahlamba-Drakensbergpark; Vredefortkoepel; Wieg van die Mensdom;<br>Richtersveld-landskap; Mapungubwe Kulturele Landskap;<br>Isimangaliso Vleilandpark; Khomani Kulturele Landskap;<br>Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap |

1.6.1 Dit is die oudste en grootste meteoriet-impakterrein en is na raming meer as 2 biljoen jaar oud.

1.6.2 Dit was een van die grootste koninkryke in Afrika en bekend vir die goue renoster en San-rotstekeninge.

1.6.3 Dit is waar ’n mens die fossielhominiedterreine van Sterkfontein, Kromdraai en Taung kan sien.

1.6.4 Hierdie gebied in die suidelike Kalahari is die tuiste van die Khomani-San – daar is aanvanklik geglo dat hierdie gemeenskap verdwyn het.

1.6.5 Een van die grootste riviermondings in Afrika en die vasteland se suidelikste koraalriwwe. Die tuiste van ’n diverse voël- en dierelewe.

(5 × 2) (10)

**[40]**

## VRAAG 2

2.1 Pas die volgende prente van die bekende toeristeattraksie uit KOLOM B om by die bekende toeristeattraksie in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Colosseum | A |  |
| 2.1.2 | Parthenon | B |  |
| 2.1.3 | Groot Chinese Muur | C |  |
| 2.1.4 | Sydney Operahuis | D |  |
| 2.1.5 | Taj Mahal | E |  |
| 2.1.6 | Eiffeltoring | | |
| 2.1.7 | Big Ben | | |
| 2.1.8 | Paleis van Versailles | | |
| 2.1.9 | Piramiede | | |
| 2.1.10 | Christus die Verlosser | | |

| | |
|---|---|
| | F  |
| | G  |
| | H  |
| | I  |
| | J  |
| | K  |

(10 × 1) (10)

2.2 Lees die stelling hier onder en beantwoord die vrae.

Die meeste mense herstel binne ŉ dag of twee van vlugflouheid ('jet lag') sodra hul liggame aan die nuwe tydsone gewoond geraak het.

Kopiereg voorbehou 

2.2.1 Gee vir ŉ reisiger DRIE wenke oor hoe om die gevolge van vlugflouheid te verminder. (3)

2.2.2 Noem vir ŉ reisiger DRIE simptome wat as gevolg van vlugflouheid kan voorkom. (3)

2.3 Lees die stelling hier onder en beantwoord die vrae.

Buiten vlugflouheid, loop reisigers ook die gevaar van verskeie reissiektes.

2.3.1 Bespreek die siekte malaria. (2 × 2) (4)

2.3.2 Watter voorsorgmaatreël kan getref word om malaria te voorkom? (2)

2.3.3 Noem TWEE moontlike gevolge wat aansteeklike siektes op die toerismebedryf kan hê. (2 × 2) (4)

2.3.4 Noem TWEE reisverwante siektes buiten malaria. (2)

2.4 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| Jy keer ná ŉ vakansie in Thailand terug na Suid-Afrika. Jy het geskenke vir jou gesin en vriende gebring. Terwyl jy na doeane stap, sien jy twee kanale en jy stap deur een van hierdie kanale. ŉ Groot plakkaat fokus jou aandag op die volgende terme: Beperkte goedere en Verbode goedere. |

2.4.1 Wat is die kleure van die kanale waardeur reisigers moet gaan? (2)

2.4.2 Verduidelik die verskil tussen die twee kanale. (2 + 2) (4)

2.4.3 Wat is die verskil tussen *beperkte* en *verbode goedere*? (2 + 2) (4)

2.4.4 Gee TWEE voorbeelde van verbode goedere. (2)

**[40]**

**VRAAG 3**

Verwys na die BYLAE (aangeheg) en beantwoord die vrae.

3.1 Noem die lande wat (1–6) gemerk is. (6)

3.2 Identifiseer die volgende vastelande. Skryf slegs die letter van die vasteland (A–F) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.2.1 Hierdie vasteland is die tuiste van die grootste nasie in die wêreld.

3.2.2 Hierdie vasteland het die grootste varswatermeer.

3.2.3 Hierdie vasteland is die tuiste van die wêreld se grootste rivierstelsel.

3.2.4 Hierdie vasteland is die tweedegrootste in die wêreld.

(4 × 1) (4)

3.3 Noem die oseaan langs die kus van Brasilië. (1)

3.4 Noem die TWEE oseane wat by die suidelikste punt van Afrika bymekaarkom. (2)

3.5 Identifiseer die volgende lyne op die aardbol:

3.5.1 $23.5^{\circ}$ noord van die Ewenaar

3.5.2 $0^{\circ}$-lengtelyn

3.5.3 $23.5^{\circ}$ suid van die Ewenaar

(3 × 1) (3)

3.6 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

As ŉ reiskonsultant vra gaste jou dikwels om konsepte of terme wat in die reisbedryf gebruik word, te verduidelik.

3.6.1 Bespreek die verskil tussen ŉ *direkte vlug* en ŉ *aansluitingsvlug* met ŉ kliënt. (2 + 2) (4)

3.6.2 Verduidelik vir ŉ paartjie wat die verskil tussen ŉ *deurgangstad* en ŉ *oornagplek* is. (2 + 2) (4)

3.7 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

ŉ Paartjie reis vir die eerste keer oorsee. Hulle het ŉ paar bekommernisse en vrae, soos oor vlugte, besienswaardighede, ens.

3.7.1 Noem SES items inligting oor die land wat hulle gaan besoek wat vir die paartjie nuttig sal wees. (6)

3.7.2 Noem DRIE implikasies wat hulle moet oorweeg wanneer hulle ŉ aansluitingsvlug gebruik. (3 × 2) (6)

3.7.3 Verduidelik vir die paartjie wat dit beteken as hul bagasie ingeteken word. (2 × 2) (4)

**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Pas die erfenisbeleid uit KOLOM B by die doelstellings in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.1.1 | Bestuur van Suid-Afrika se landskappe en seë | A | Wet op Nasionale Erfenishulpbronne van 1999 |
| 4.1.2 | Neerlê van die algemene beginsels vir die koördinering van erfenisbestuur | B | Wet op die Nasionale Erfenisraad van 1999 |
| 4.1.3 | Hierdie wet was verantwoordelik vir die stigting van die Nasionale Erfenisraad | C | Nasionale Erfenistransformasiehandves van 2007 |
| 4.1.4 | Kulturele erfenis moet in ag geneem word voordat goedkeuring vir ontwikkeling gegee word | D | Wet op Nasionale Omgewingsbestuur van 1998 |
| 4.1.5 | Ondersteun die bevordering van geletterdheid en kultuur | E | Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede van 1998 |
| 4.1.6 | Verseker dat fasiliteite gestremdheidsvriendelik is | | |
| 4.1.7 | Bevorder erfenisaktiwiteite vir kinders en jongmense | | |

(7 × 2) (14)

4.2 Lees die stelling hier onder en beantwoord die vrae.

'Erfenisbestuur behels verskeie aktiwiteite, soos kommunikasie, interpretasie en bewaring.'

4.2.1 Verduidelik elk van die aktiwiteite wat in die stelling hier bo genoem word. (3 × 2) (6)

4.2.2 Noem TWEE organisasies wat met erfenisbewaring geassosieer word. (2)

4.2.3 Noem DRIE maniere waarop erfenis geïnterpreteer kan word. (3)

4.3 Jy het besluit om jou eie geleentheidsbeplanningsonderneming te begin. Jy was tot dusver redelik suksesvol, aangesien jy vyf geleenthede oor die afgelope vier maande beplan het.

4.3.1 Watter faktore sal jy in ag neem wanneer jy ŉ lokaal vir ŉ geleentheid bespreek? (6)

4.3.2 Noem DRIE maniere waarop jy 'n geleentheid sal bemark. (3)

4.3.3 Noem DRIE dokumente wat gewoonlik tydens 'n geleentheid gebruik word. (3)

4.3.4 Noem DRIE maniere waarop kliëntetevredenheid gemeet kan word. (3)

**[40]**

## VRAAG 5

5.1 Voltooi die tabel hier onder. Skryf slegs die nommer (5.1.1–5.1.12) en die antwoord in die ANTWOORDBOEK neer.

| **STAD** | **LUGHAWE** | **IATA-KODE** |
|---|---|---|
| New York | 5.1.1 | 5.1.2 |
| 5.1.3 | 5.1.4 | LHR |
| 5.1.5 | 5.1.6 | JNB |
| 5.1.7 | Charles de Gaulle | 5.1.8 |
| Rome | 5.1.9 | 5.1.10 |
| 5.1.11 | Schipol Internasionale Lughawe | 5.1.12 |

(12)

5.2

**KAAPSTAD JAZZFEES**

Die 2018 Kaapstad Jazzfees het weer hul jaarlikse naweek van ongelooflike musiek aangebied. Die fees, wat deur ondersteuners as 'Afrika se grootste byeenkoms' bestempel word, is die grootste musiekgeleentheid in Afrika suid van die Sahara. Die fees is bekend vir die wêreldklas- Suid-Afrikaanse en internasionale kunstenaars wat daar optree. Die organiseerders berei tans voor vir die 19de jaarlikse geleentheid. Die fees het elke jaar vyf verhoë met meer as 40 kunstenaars wat oor twee aande optree. Meer as 37 000 musiekliefhebbers woon die fees oor die twee dae by.

[Bron: *www.capetownjazzfest.com*]

5.2.1 Noem VIER fases in die proses van geleentheidsbestuur. (4)

5.2.2 Verduidelik die VIER fases in die proses van geleentheidsbestuur wat in VRAAG 5.2.1 genoem is. (4 × 2) (8)

5.2.3 Noem DRIE dienste wat verskaf moet word om te verseker dat hierdie geleentheid suksesvol is. (3)

5.2.4 Noem DRIE probleme wat tydens hierdie geleentheid kan voorkom. (3)

5.3 5.3.1 Gee TWEE voorbeelde van erfenisterreine. (2)

5.3.2 Noem VIER verantwoordelikhede van 'n erfenisterreinbestuurder. (4 × 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**BYLAE**




Kopiereg voorbehou